

8 OKTOBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 107
FOKUSGEDEELTE: PSALM 107:43**

Die Here laat die wiel draai vir sy kinders

Het jy of een van jou geliefdes al by die dood omgedraai ? Miskien het jy vurig gebid by 'n kind se siekbed of voor 'n groot operasie. Dalk het julle ter nouer nood ontkom aan 'n grusame motorongeluk of 'n kaping? Of onthou jy daardie onbeskryflike gevoel toe die Here die reën oor jou plaas laat uitsak het na so 'n lang droogte? Dan ken jy daardie gevoel van diepe dankbaarheid. Dit was die Here wat my gebed verhoor het. Dit was God wat ons gered het. Hy het die wiel laat draai. Ek was onder, maar nou is ek weer bo !

Net so het God se volk gevoel na die bittere ballingskapstyd. Dit was soos 'n woestynervaring met honger, dors en uitputting. Hulle was verdwaal en sou sekerlik sterf. Dit was soos 'n tronkervaring, vasgeketting in 'n grafdonker kelder. Dit was 'n doodloopstraat vanweë hul dwase keuses. Hulle het 'n pynlike hongerdood in die gesig gestaar. Dit was 'n sinkende-skip-ervaring. Hulle sou sekerlik verdrink.

Maar, die Here het hulle uitgered ! Dít was 'n hemelse ervaring.

So red ons Here ons baiekeer, uit genade alleen, uit sulke nabydoodse ervarings. Hy verander sy kinders se omstandighede van dood na lewe, van wanhoop en uitsigloosheid na hoop en vreugde. Al het jy dalk nog nie so 'n krisis of trauma beleef nie, is dit wonderlik om te hoor dat die psalmdigter en vele ander gelowiges getuig hoe die Here uitkoms gee en die wiel laat draai vir sy kinders. Selfs al het Israel hierdie swaarkry self oor hulle gebring deur die verbond met God te verbreek, was God hulle tog genadig.

Ons weet ook dat Jesus Christus nie net die wiel vir ons hier op aarde laat draai nie, maar dat hy ons vir die ewige lewe kom red het. Daarom, as die beproewings lank en swaar word, bely jou dade van ontrou en onthou die Here se dade van trou. Dink daaraan hoe hy al baiekeer in jou lewe die wiel laat draai het. By sy wederkoms sal ons finaal en vir ewig, veilig bó wees.

Sing: Psalm 146:5

Ds Christie Roets (Brakpan-Suid)